

Lees van die gelofte

Gemeente staan op

“Hier staan ons
voor die heilige GOD van hemel en aarde
om 'n gelofte aan Hom te doen dat,
as Hy ons sal beskerm
en ons vyand in ons hand sal gee,
ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag
soos 'n sabbat sal deurbring,
en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig
waar dit Hom behaag,
en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat
hulle met ons daarin moet deel tot
nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte,
want die eer van sy Naam sal verheerlik word
deur die roem en die eer van oorwinning
aan Hom te gee.”

Sing vooraf staande: Psalm 116:7, 8, 9 (p. 570)

- 7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.
- 8 Al my geloftes, uitgespreek in nood, / sal ek betaal as ek voor U mag nader
en met u gunsvolk in u huis vergader. / Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!
- 9 Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg, / seun van u diensmaagd, in u diens gebore:
my bande is los; vir hoër diens verkore, / bring ek die offers, aan U toegeseg.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1, 2 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Gebed

Psalm 66:5, 6 (p. 321)

- 5 U het, o HEER, deur vyandshande / ons in die vangnet ingevoer;
U het rondom met enge bande / in diensbaarheid ons ingesnoer;
die oorlogspers en sy beryder / het ons vertrap; deur vloed en vuur
het ons gegaan – maar ons Bevryder / het sy verkwikking ons gestuur.
- 6 Ek sal, verlos uit doodsgevaar, / nou dat ek weer kan asemhaal,
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.

Skriflesing: Psalm 66

Kernverse: Psalm 66:13-14

Ek sal met brandoffers in u huis ingaan; ek sal U my geloftes betaal, wat my lippe geuit en my mond uitgespreek het toe ek benoud was.
(Psalm 66:13-14 AFR53)

Tema: Geloftes is ons dankbare antwoord op die Here se verlossingswerk

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dit is die 16de Desember – vir baie mense beteken hierdie dag nie veel meer as dat dit net nog 'n dag van die jaar is nie en vir die Suid-Afrikaners is dit net nog een van die baie openbare vakansiedae waarop ons darem nie hoef te werk nie. Ons kinders ken die 16de Desember as Versoeningsdag, soos die regering hierdie dag noem. Ons ouer mense ken hierdie dag op sy ou naam, Gelofte dag.

Die woord *gelofte* sal moontlik vreemd val op die ore van die jonger geslag, maar 'n gelofte is niks anders as 'n belofte nie. Die verskil tussen belofte en gelofte is daarin geleë dat mense teenoor mekaar beloftes maak. Wanneer ons egter 'n belofte aan die Here maak, praat ons van 'n gelofte. Nêrens in die Bybel word daar gepraat van geloftes wat mense aan mekaar gemaak het nie.

Nou is dit tog interessant om raak te sien dat mense maklik in tye van nood en benoudheid geloftes aan die Here maak. Jakob was die eerste mens wat aan die Here 'n gelofte gemaak het toe hy bang en alleen van sy ouerhuis moes weggaan omdat Esau hom wou doodmaak. So weet elkeen van ons moontlik van iemand wat aan die Here belowe het om iets te doen, as die Here hom net uit die een of ander benoudheid sou red. Of miskien is daar een van ons wat in 'n tyd van nood so 'n gelofte aan die Here gemaak het.

'n Mens moet egter versigtig wees en nie dink dat 'n gelofte aan die Here 'n manier is om sy arm te draai sodat Hy 'n mens uit die nood moet red nie. Die mens wat dink dat sy belofte 'n manier is om die Here oor te haal om hom te red, vra om 'n verkeerde rede redding van die Here. Na so 'n gebed, sê die Heilige Gees in vers 18, sal die Here nie luister nie. Die Here is mos nie by ons in die skuld dat Hy vir ons uitkoms moet gee nie. En nog minder is die Here van ons beloftes afhanklik. Hy gaan nie minder God wees as ons Hom nie eer as God omdat Hy ons nie uit die nood gered het nie. Hy is van ewigheid tot ewigheid God. Die teendeel is eerder waar – ons is van die Here afhanklik.

Dit is egter nie net enkelinge wat geloftes aan die Here maak nie. Dit gebeur ook dat 'n volk of ten minste 'n deel van 'n volk 'n gelofte aan die Here maak. Die 16de Desember 1838 is vir ons Afrikaanssprekendes die dag in ons geskiedenis waarop daar 'n gelofte aan die Here gemaak is. Dit is 'n gelofte om die 16de Desember elke jaar soos 'n rusdag tot eer van God deur te bring. Nou is daar egter baie Afrikaanssprekendes wat allerhande argumente aanvoer, soos dat hulle nie gebind is aan die gelofte nie, want dit is nie hulle of hulle voorouers wat die belofte aan die Here gemaak het nie.

Broers, susters en kinders, ons wil nie vandag ons voorouers ophemel so asof hulle amper sonder sonde was nie. Ons wil ook nie die Bybel gebruik om ons Afrikaanse volk as 'n ander soort Israel voor te hou wat 'n spesiale plek by die Here het bo ander volke nie. Nee, ons wil eerlik na die Here luister om agter te kom waaroor 'n gelofte werklik gaan. Dan lê dit op elkeen van ons se weg om voor die Here te besluit of ons tog die gelofte wil nakom of nie.

Die agtergrond van hierdie Psalm is aan ons onbekend, maar uit die inhoud van die Psalm kom 'n mens tog agter dat dit 'n enkeling is wat in 'n tyd van nood geloftes aan die Here gemaak het en dit nou aan die Here gaan betaal. Nou is dit tog opmerklik om te sien waar

hierdie gelowige begin wanneer hy oor die betaal van sy gelofte praat. Dit gaan nie oor hom of oor wat met hom gebeur het nie. Die grootste deel van die Psalm word gewy aan God en wat God gedoen het.

Die Here word geloof en geprys oor die verlossing wat Hy aan hierdie enkele kind van Hom gegee het. Maar hierdie gelowige is nie 'n losstaande enkeling wat maar alleen die Here prys en hom alleen aan die Here toewy nie. Hierdie gelowige is in sy wese iemand wat deel is van die volk wat aan die Here behoort. Daarom plaas hy sy lof teen die agtergrond van die ontsagwekkende werk wat die Here in die geskiedenis van sy volk gedoen het.

Dit is ook nie net die verbondsvolk wat saam met hierdie enkele gelowige die Here moet loof en prys nie. Almal op die aarde moet juig tot eer van God, want die werke wat die Here doen, het nie net ten doel dat sommige Hom moet erken as God nie, maar dat almal op die aarde Hom sal bely as God.

In een sinnetjie noem hy die magtige werk van die Here toe Hy sy volk uit Egipte verlos het en veilig in die beloofde land ingelei het. Uit die greep van die magtige Egipte met sy derduisende strydwaens en soldate uit het die Here sy volk, wat in die oë van die wêreld maar net slawe was, laat trek. En om sy mag ten toon te stel vir Israel en Egipte en die hele wêreld lei die Here sy volk reguit na die Rooi See toe. Met net die beweging van Moses se staf kloof die Here die see oop sodat sy volk droogvoets daardeur kon trek. En toe hulle deur is, het die Here die Egiptenaars in daardie selfde see verdrink sodat Israel en Egipte en die hele wêreld kon weet dat die Here God is.

Veertig jaar later kloof die Here die Jordaanrivier oop met die voete van die Leviete sodat die volk weereens droogvoets deur die rivier kan gaan en kan besef hoe magtig die Here is. Destyds het die volk gejubel oor hierdie magtige werk van die Here. En hierdie lof- en prysliedere is onderrig aan almal op aarde. Almal op aarde moet weet dat geen volk, maak nie saak hoe sterk of hoe groot hulle ook al is nie, nie bestand is teen die Here wanneer Hy besluit om sy volk te verlos nie. Daarom moet die vyande van die Here en van sy volk hulle nie teen God verset nie. As Hy verlos, doen Hy dit met mag en krag en niks kan Hom keer nie.

Selfs gedurende die veertig jaar in die woestyn was die Here se hande rondom sy volk gevou. Hy het kos en water voorsien sodat hulle kon lewe. Hy het hulle getug sodat hulle nie struikel en van Hom afvallig word nie. Die sonde en die duiwel het nie die oorhand oor Israel gekry nie. Op hulle woestynreis het die Here hulle gelouter soos silwer. Deur die tug met swaarkry het die Heilige Gees die volk van die Here gereinig soos met vuur en water om hulle van hulle sondes te laat afsien. Uiteindelik het die Here sy volk in die land van oorvloed ingelei om dit in besit te neem.

Die Here se magtige daade word nie net in die geskiedenis van 'n volk raakgesien nie, maar ook in die geskiedenis van 'n enkeling. Die Here skenk sy redding nie net aan een groot groep gelowiges en los die enkeling maar om in sy nood onder te gaan nie. Die digter van hierdie Psalm getuig dat die Here ook na die roepstem van die enkeling luister. Hy het in sy nood tot die Here geroep en God was getrou; Hy het hom ook verlos. In sy benoudheid het hy nie ondergegaan nie, en sy sonde het ook nie die oorhand oor hom gekry nie.

Wonderbaarlik is die verlossingsdade van die Here. Toe daar menslik gesproke nie uitkoms was nie, het die Here die verlossing geskenk. So het die Here dan ook in die geskiedenis van die destydse Afrikanervolk gedoen. 'n Klein groepie gelowiges is beskerm

teen die oormag van heidene wat met geweld alles en almal wat anders as hulle was, wou tot niet maak. Onder die beskermende hand van die Here is die Christelike geloof in die binneland van Suid-Afrika gehandhaaf. Nie die oormag heidene nie, selfs nie eers die sondes van ons voorouers, kon die voortgang van die evangelie in Suid-Afrika keer nie. Daarom moet almal in Suid-Afrika bely dat die Here se werke ontsagwekkend is. As die Here besluit het om te verlos, sal niemand kan keer nie. Uit elke stam, volk en taal in hierdie land sal die Here sy uitverkorenes verlos uit die greep van die sonde en die duiwel.

Dit is egter nie net die gelowige digter van ons Psalm wat van hierdie wonderbare verlossing van die Here kan getuig nie. Elkeen van ons kan ook daarvan getuig. Die Here luister nie net na die stem van duisende gelowiges wat Hom op een slag in gebed aanroep nie. Hy luister ook na die gesmeek van ons enkelinge. Baie van ons is al uit die greep van armoede en ellende gered deur die Here. Almal van ons is al deur die hand van die Here in die lewe gehou tydens ernstige siektes. Sommige van ons word tans so deur die Here in die lewe gehou terwyl hulle siek is sodat hulle nie die Here sal los en Hom verloën nie. Almal van ons is al deur die Here uit die greep van die sonde verlos.

En al hierdie verlossingswerke wat die Here vir Israel, vir die Afrikaners en vir ons enkelinge al gedoen het, is gewortel in die verlossingswerk van Jesus Christus. Die ontsagwekkende van God se verlossingswerk in Christus is juis die wyse waarop Hy dit kom doen het. Die sondelose Lam van God kom sterf self vir sondaars en Hy staan uit die dood uit op sodat daar redding kan wees vir ons. Christus het persoonlik vir sy volk gesterf en opgestaan sodat elke lid van sy volk ook in hulle persoonlike nood op Hom kan vertrou. Jesus verhoor die gebed van elke enkeling wat tot Hom vlug.

En waar die Heilige Gees met die Woord van die Here die redding van Jesus Christus in die hart van 'n sondaar indra, kan niks en niemand keer nie. By so 'n mens vind die wedergeboorte plaas en kom daar geloof en bekering. Die duiwel en die sonde sal nie die oorhand in die lewens van God se uitverkorenes kry nie. Daarom lei die Heilige Gees daaglikse nog elke gelowige deur loutering en bekering heen om van die oorblywende sondes ontslae te raak om uiteindelik in die oorfloed van die hemelse koninkryk in te gaan.

Geliefde gemeente, die Heilige Gees lei ons in hierdie Psalm om net tot een logiese slotsom te kom. Vir die reddingsdade van die Here moet ons Hom loof en prys. En die geloftes wat in nood uitgespreek is, moet aan die Here betaal word. Vir die Psalmdigter het dit beteken dat hy met brandoffers na die huis van die Here opgaan om daarmee sy dank en lof direk aan die Here te bring vir die verlossing wat hy ontvang het.

Vir die persoonlike verlossing wat die Here aan elkeen van ons skenk, vir die leiding van die Heilige Gees wat elkeen van ons ontvang om in nood en stryd staande te kan bly in die geloof, vir die oorwinning wat ons oor die sondes ontvang het, is dank en lof aan die Here die enigste spontane en ware antwoord wat ons kan gee. In gebed en Psalmgesang bring ons eer aan die Here vir die magtige verlossingswerk wat Hy in ons lewens tot stand gebring het. En ons offer nie meer beeste en bokke in die voorhof van die tempel aan die Here nie, want die Here Jesus se bloed is die laaste bloedoffer wat vir die Here gebring is. Nou offer ons ons eie lewens, ons liggaam, ons kragte, ons vermoëns en talente aan die Here. Met alles wat ons doen en sê, betuig ons ons dank aan die Here dat ons in sy diens kan bly lewe.

Vir die magtige verlossingswerk wat die Here gedoen het by Bloedrivier kan ons nie anders nie as om dank en lof aan die Here te bring nie. Dit is dank en lof – nie omdat die

Here 'n handjievool blanke Afrikaners bewaar het en die Zoeloe-oormag in hulle hande oorgegee het nie. Nee, dit is dank en lof aan die Here omdat Hy die evangelie van Jesus Christus bewaar het en behoue laat bly het in die binneland van Suid-Afrika ondanks die groot leërmag van heidene wat Christus nie geken het nie en ondanks die sonde van ons eie voorouers. Ons bring dank en lof aan die Here dat Hy steeds in elke stam en volk en taal sy uitverkorenes in ons land verlos uit die greep van die sonde.

Maar dit is nie net hier in die erediens of in ons binnekamer waar ons in gebed en Psalmgesang lof en eer aan die Here bring vir sy verlossingsdade nie. Ons dankbaarheid gaan veel verder as dit. Ons dankbaarheid kom ook daarin uit dat ons die digter van ons Psalm navolg deur almal rondom ons bymekaar te maak om vir hulle te vertel van die verlossingsdade van die Here in die geskiedenis van Israel, van Suid-Afrika en van ons eie lewens. Getuig van hoe die Heilige Gees harde harte sag gemaak het, en ongelowiges tot kinders van God verander het. Getuig van die genade wat die Here aan ons bewys het, want so word die lof en dank aan die Here gebring vir wat Hy alleen kan doen.

Geliefdes, op die 16de Desember gaan dit dus nie daarvoor of ons gebind is aan 'n gelofte wat 'n klein groepie Voortrekkers gemaak het of nie. Dit gaan ook nie daarvoor dat die Zoeloes voor die Afrikaners moes swig nie. Die 16de Desember is maar een van baie datums in die geskiedenis van ons land waar ons die genade van die Here se verlossingswerk op 'n besonderse manier sien gebeur het. Dit is 'n verlossing nie ter wille van die klein Afrikaanse volk alleen nie. Dit is 'n verlossing wat gegrondves is in die kruis van ons Here Jesus Christus wat vir elke mens in hierdie land van ons bedoel is. Daarom, almal op die aarde moet juig tot eer van die Here, want sy werke is ontsagwekkend.

Wil ons nog dankie sê vir die Here se verlossingswerk? Ja! Dan moet ons dit ook nou begin doen. Laat ons die Here loof en prys in gebed en lied. Laat ons almal rondom ons vertel van die magtige daade van die Here. Wie nie wil dankie sê nie, is nie dankbaar nie en, nog erger, hulle weet nie waarvoor hulle dankie moet sê nie, want van die Here en sy verlossingswerk weet hulle niks nie. En die hartseer is dat daar vandag so baie Afrikaanssprekende mense is wat juis niks van God se verlossingswerk weet nie en daarom nie kan dankie sê nie. Hoeveel aandeel het ons daarin dat hulle nie kan dankie sê nie? Kan hulle nie tot eer van God juig nie omdat ons hulle nog nie vertel het nie? Hoe dankbaar is ons dan vir die verlossing as ons hulle nie wil vertel nie?

Amen!

Slotgebed

Psalm 66:7, 9 (p. 322)

- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.
- 9 Lof sy Gods goedertierenhede, / sy Naam sy ewig lof en prys!
Hy het gehoor na my gebede, / my onverhoord nooit afgewys.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
16 Desember 2014